AgEcon SEARCH
RESEARCH IN AGRICULTURAL & APPLIED ECONOMICS

*The World's Largest Open Access Agricultural & Applied Economics Digital Library*

**This document is discoverable and free to researchers across the globe due to the work of AgEcon Search.**

**Help ensure our sustainability.**

Give to AgEcon Search

AgEcon Search
http://ageconsearch.umn.edu
aesearch@umn.edu

*Papers downloaded from **AgEcon Search** may be used for non-commercial purposes and personal study only. No other use, including posting to another Internet site, is permitted without permission from the copyright owner (not AgEcon Search), or as allowed under the provisions of Fair Use, U.S. Copyright Act, Title 17 U.S.C.*

# OORSIG:

# DIE "IDASA RURAL LAND" WERKSWINKEL

Nick Vink
*Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika, Halfweghuis*

Johan van Zyl
*Departement Landbou-Ekonomie, Universiteit van Pretoria, Pretoria*

Die Instituut vir 'n Demokratiese Alternatief vir Suid-Afrika (IDASA) het gedurende die naweek van 9 - 11 Maart 1990 'n werkswinkel oor die grondkwessie by Houwhoek Inn naby Hermanus gehou. Die doel van die werkswinkel was om betrokkenes (ongeveer 60 persone) uit verskeie dissiplines en belangegroepe bymekaar te bring om vraagstukke en probleme rondom die grondkwessie in Suid-Afrika toe te lig en te debatteer met die fokus op werkbare opsies vir die toekoms.

Die werkswinkel het bestaan uit 20 referate, elk met 'n rapporteur wat die bespreking ingelei het met 'n kritiese evaluering van die bydrae. Kopieë van die referate is vooraf aan deelnemers beskikbaar gestel. Die lys van referate is as volg :

1. "OPTIONS FOR RURAL LAND USE IN SOUTHERN AFRICA : AN ECOLOGICAL PERSPECTIVE" deur Richard Cowling.
2. "BLACK POPULATION, EMPLOYMENT AND INCOMES ON FARMS OUTSIDE THE RESERVES REVISITED" deur Charles Simkins.
3. "THE EVOLUTION OF CAPITALIST AGRICULTURE" deur Colin Bundy.
4. "POPULATION RELOCATION BY THE STATE" deur Aninka Claasens.
5. "LAND 'REFORMS': STATE INITIATIVES" deur Essy Letsoalo.
6. "AGRICULTURAL PRODUCTION IN SOUTH AFRICA: AN OVERVIEW" deur Johan van Zyl en Johan van Rooyen.
7. "AGRICULTURAL POLICY AND THE SOUTH AFRICAN STATE" deur Eckart Kassier en Nick Vink.
8. "AGRICULTURE IN THE BANTUSTANS: TOWARDS DEVELOPMENT POLICIES" deur David Cooper.
9. "CONTESTED TERRAIN: AGRICULTURE AND DEVELOPMENT IN THE 'RURAL COLOURED AREAS'" deur John Sharp.
10. "UNRAVELLING RIGHTS TO LAND AND AGRICULTURAL ACTIVITY IN RURAL RACIAL ZONES" deur Geoff Budlender en Johan Latsky.
11. "LAND TENURE IN BLACK RURAL AREAS: SOCIAL AND POLITICAL UNDERPINNINGS" deur Cathrine Cross.
12. "EXPERIENCE AND LAND REFORM IN ZIMBABWE" deur Dennis Norman.
13. "THE COOPERATIVE ORGANIZATION OF AGRICULTURE: SELECTED ISSUES FOR SOUTH AFRICAN DISCUSSION" deur Sean Archer.
14. "RESTRUCTURING THE RURAL ECONOMY: AGRICULTURAL ECONOMIC ASPECTS" deur Mike de Klerk.
15. "LAND REFORM IN THE NATIONAL DEMOCRATIC REVOLUTION" deur Tessa Marcus.
16. "RESTRUCTURING THE RURAL ECONOMY: LEGAL ISSUES" deur Dennis Davis en Hugh Corder.
17. "WHAT KIND OF PLANNING CAN ADDRESS THE LAND QUESTION?" deur Alan Mabin.
18. "LABOUR RELATIONS ON FARMS" deur Johan Hamman.
19. "PLANNING FOR THE LANDLESS AND THOSE FOR WHOM AGRICULTURE IS A LOW PRIORITY" deur Johann Graaff.
20. "TOWARDS THE RESTRUCTURING OF GOVERNMENT AND ADMINISTRATION IN SOUTH AFRICA'S RURAL AREAS" deur Roger Southall.

Die werkswinkel is afgesluit met 'n bondige en gepaste opsomming deur Michael Savage. Die volgende gedeeltes is hoofsaaklik op sy indrukke gebaseer.

Met betrekking tot die vraagstuk van proses is die kwessie van ontbrekende stemme en standpunte geopper. Die keuse van deelnemers aan 'n byeenkoms soos hierdie bepaal grootliks wat gesê word en ook wat nie gesê word nie. Deelnemers aan die werkswinkel het spesifieke voorstelle aan die IDASA reëlingskomitee rakende hierdie aspekte gemaak. So is die gebrek aan verteenwoordiging van die Staat en spesifiek die departemente van landbou byvoorbeeld as 'n tekortkoming geïdentifiseer.

'n Ander aspek van die prosesvraagstuk wat lewendige debat en bespreking uitgelok het was die formaat van die werkswinkel. Die formaat van die werkswinkel was frustrerend deurdat daar min tyd vir bespreking, en ook vir sosiale verkeer, toegelaat is. Die feit dat meeste van die deelnemers teenwoordig was vir die laaste sessie (voor Sondagmiddagete) is egter voldoende bewys dat die deelnemers die verrigtinge interessant en leersaam gevind het. 'n Verandering in die formaat sou dus geweeg moes word teen die moontlikheid om belangrike inligting te verloor.

In soverre dit die inhoud betref is beide punte van konsensus en verskil geïdentifiseer. Konsensus is bereik oor :

- o Die belang van landelike gebiede in die Suid-Afrikaanse politieke ekonomie;
- o konkrete opvolgaksies, insluitende verdere werk oor die ontrafeling van die wetlike doolhof van komplekshede van beheer oor toegang tot grond oor rasgrense heen;
- o die noodsaaklikheid om meer te wete te kom oor wat in nie-tuisland landelike gebiede gebeur, veral met betrekking tot ontvolking, deeltydse boerdery, grondeienaarskap en ander verwante aspekte;
- o die noodsaaklikheid van bewaring van skaars en vernietigbare natuurbronne; en
- o die gebrek aan bruikbare en toepaslike beplanningsmetodes.

Die volgende aspekte het 'n mindere of meerdere mate van meningsverskil en konflikterende standpunte tot gevolg gehad :

- o Die vraag of die "nasionaliseringsdrukgroep" doeltreffendheidsparameters genoegsaam in ag neem;
- o terselfdertyd is daar verskil oor die vraag of verdelingsaspekte en gelykheid genoegsaam in ag geneem word;
- o die motivering vir en doelwit van 'n landelike beleid : is die doel voedselsekuriteit, die hervestiging van grond en mense, die herverdeling van grond of toegang tot grond;
- o die graad en wyse waarop ekologiese balans en oorlewing bereik moet word;
- o wat van die landbousektor verwag word;
- o die vraag of daar genoegsame wetlike hulpbronne is vir basiese regsaspekte en regsgedinge;
- o die vraag of verandering van bo nodig is om veranderinge te weeg te bring; en
- o die gewensde metodes van inmenging.

Hierdie punte van konsensus en konflik is deurentyd deur die onderskeie sprekers en deelnemers opgehaal en word duidelik in die referate weerspieël. Volgens die opinie van hierdie outeurs was die werkswinkel leersaam, interessant en bruikbaar. Die vermenigvuldigereffekte kan egter slegs gemaksimeer word deur groter deelname aan die debat, meer navorsing en meer ervaring in die veld.

Ten slotte kan kopieë van die referate vanaf die outeurs van hierdie oorsig verkry word. 'n Meer volledige oorsig met opsommings van al die referate is ook in die Mei uitgawe van "Development Southern Africa" gepubliseer, terwyl 'n boek met die volledige verrigtinge van die werkswinkel vir publikasie in die tweede helfte van 1990 beplan word. Ten spyte van die parsiële beskouing van die landelike grondkwessie soos uitgelig onder tekortkominge te make met proses, lewer die werkswinkelverrigtinge genoegsame stof tot nadenke. Dit is die mening van hierdie outeurs dat die verrigtinge van die werkswinkel 'n sinvolle bydrae lewer tot die grondvraagstuk, en gevolglik van belang is vir persone betrokke in die landbou, ongeag politiese groepering.